Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette Extraordinary

# Buitengewone Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 77) (REGULASIEKOERANT No. 77)

VOL. IV.] PRICE 5c. PRETORIA, 19 APRIL 19 APRIL 1962. PRYS 5c. [No. 224.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 609.] [19 April 1962.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE (No. 2/159).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *ninety-eight* of the Customs Act, 1955, hereby amend the Second Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 609.] [19 April 1962.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE (No. 2/159).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Ministe1 van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Tweede Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

SCHEDULE.

| Item. | Article. | Duty rebated as under. |
|---|---|---|
| 451 | By the addition, after paragraph (16), of the following paragraph:—<br>"(17) Beta-naphthol flakes, sodium acetate and sodium sulphate, for use as textile-auxiliaries........ | To the extent of the intermediate duty." |

NOTE.—The effect of this notice is to provide for a rebate to the extent of the intermediate duty on the goods mentioned when imported or taken out of bond by registered manufacturers for use as textile-auxiliaries.

BYLAE.

| Item. | Artikel. | Korting op reg toegestaan soos hieronder aangedui. |
|---|---|---|
| 451 | Deur na paragraaf (16) die volgende paragraaf by te voeg:—<br>„(17) Betanaftolvlokkies, natriumasetaat en natriumsulfaat, vir gebruik as tekstielhulpmiddels....... | Tot die bedrag van die intermediêre reg." |

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat voorsiening vir 'n korting tot die bedrag van die intermediêre reg gemaak word op gemelde goedere wanneer ingevoer of uit entrepot geneem deur geregistreerde vervaardigers vir gebruik as tekstielhulpmiddels.

## OFFICE OF THE PUBLIC SERVICE COMMISSION.

No. R. 610.] [19 April 1962.

The State President has, by virtue of the powers vested in him by section *twenty-six* of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), been pleased to make the following regulation:—

The Public Service Regulations, published under Government Notice No. 2047 of the 11th December, 1959, as amended, are hereby further amended by—

(*a*) substituting the words "Clerks or Senior Clerks" for the words "Clerical Assistants" in the heading of regulation B2;

(*b*) substituting the following new regulation C17.1 (*d*) (i) for the existing regulation C17.1 (*d*) (i):—

"(i) when, as a member of the Citizen Force, he is required in terms of the Defence Act, 1957, or any regulation made thereunder, to undergo continuous or non-continuous training, except in the case of his initial nine months training period or if, as a ballottee, he receives his first period of military training at a Military Gymnasium, in which cases special leave with pay equal to the difference between his normal public service pay and the pay which he receives in terms of the Citizen Force Regulations may be granted to him: Provided that the provisions of this paragraph are not applicable when he is performing full-time service in lieu of peace-time training in terms of section *twenty* of the Defence Act, 1957;";

(*c*) the deletion of the word "and" at the end of regulation C17.1 (*d*) (vi);

(*d*) the insertion of the following new sub-regulation C17.1 (*d*) (vii) after regulation C17.1 (*d*) (vi):—

"(vii) When, as a member of the Police Reserve, he is called up in terms of the Police Act, 1958, or any regulation made thereunder, for service in the prevention or suppression of disorders and other emergencies in the Republic; and"; and

(*e*) the deletion of all the words after the words "of the Commission" in regulation F1.5 (*c*) (ii).

*Amendment No.* 31.]

## KANTOOR VAN DIE STAATSDIENS-KOMMISSIE.

No. R. 610.] [19 April 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), onderstaande regulasie te maak:—

Die Staatsdiensregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2047 van 11 Desember 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur—

(*a*) die woorde „klerklike assistente" in die opskrif van regulasie B2 deur die woorde „klerke of senior klerke" te vervang;

(*b*) regulasie C17.1 (*d*) (i) deur die onderstaande nuwe regulasie C17.1 (*d*) (i) te vervang:—

„(i) wanneer hy as lid van die Burgermag kragtens die Verdedigingswet, 1957, of enige regulasie daarkragtens uitgevaardig, onafgebroke of afgebroke opleiding moet ondergaan, behalwe in die geval van sy aanvanklike opleidingstydperk van nege maande of as hy as 'n loteling sy eerste tydperk van militêre opleiding by 'n Militêre Gimnasium ontvang, in welke gevalle spesiale verlof met salaris gelyk aan die verskil tussen sy gewone staatsdienssalaris en die soldy wat hy kragtens die Burgermagregulasies ontvang, aan hom toegestaan kan word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is as hy voltydse diens in plaas van vredestydse opleiding kragtens artikel *twintig* van die Verdedigingswet, 1957, verrig nie;";

(*c*) die woord „en" aan die einde van regulasie C17.1 (*d*) (vi) te skrap;

(*d*) die onderstaande nuwe subregulasie C17.1 (*d*) (vii) na regulasie C17.1 (*d*) (vi) in te voeg:—

„(vii) wanneer hy as lid van die Polisiereserwemag kragtens die Polisiewet, 1958, of enige regulasie daarkragtens uitgevaardig, opgeroep word vir diens in verband met die voorkoming of onderdrukking van onluste en ander noodtoestande in die Republiek; en"; en

(*e*) al die woorde na die woorde „die Kommissie goedgekeur is" in regulasie F1.5 (*c*) (ii) te skrap.

*Wysiging No.* 31.]

## CONTENTS


| No. | | Page |
|---|---|---|
| | **Department of Customs and Excise.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R. 609. | Customs Act, 1955: Amendment of the Second Schedule (No. 2/159) ... ... ... | 1 |
| | **Office of the Public Service Commission.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R. 610. | Amendment of the Public Service Regulations ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy |
|---|---|---|
| | **Departement van Doeane en Aksyns.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R. 609. | Doeanewet, 1955: Wysiging van die Tweede Bylae (No. 2/159) ... ... ... ... | 1 |
| | **Kantoor van die Staatsdienskommissie.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R. 610. | Wysiging van die Staatsdiensregulasies ... | 2 |


**Buy National Savings Certificates**

**Koop Nasionale Spaarsertifikate**

The Government Printer, Pretoria. Die Staatsdrukker, Pretoria